

Uitgawe 97: Februarie 2022

TINA is tans 'n gewilde afkorting in die finansiële media; DAAR IS GEEN ALTERNATIEF NIE (*There Is No Alternative*). Met rentekoerse wêreldwyd op histories laagtepunte en inflasie wat hoër neig, loop beleggers wat aan spesifieke rentedraende instrumente blootgestel is, die risiko om koopkrag te verloor – waar lewenskoste teen 'n vinniger tempo styg as die opbrengs op hierdie tipe beleggings. Vandaar die term “TINA” aangesien beleggers in wese gedwing word om meer toedeling te maak aan bateklasse wat tradisioneel as “riskant” beskou word. Risiko word dikwels toegeskryf aan mark-onbestendigheid, of die blote skommeling wat ons in die beleggingswêreld ervaar. Om jou koopkrag te verloor, is egter 'n ander soort werklike risiko. Tydens Maart 2020, het ons erge paniek en markskommeling ervaar. Portefeuljewaares het egter kort daarna teen 'n verbysterende tempo herstel. In die verlede was markte geneig om slegs oor 'n tydperk van 3 jaar te normaliseer. Die COVID-markbeweging boontoe was enorm en vinnig.

Sentrale banke wêreldwyd debatteer tans inflasiekoerse. Ekonomie verwag dat rentekoerse opwaarts sal beweeg gedurende 2022 en 2023. Teoreties sou mens redeneer dat finansiële markte nie positief op die rentekoersverhogings sou reageer nie. Afhangende van die omvang, sal individue en besighede met 'n hoër mate van hefboomfinansiering onder druk kom. Indien ons egter empiriese data van die verlede bestudeer, het die S&P500 ('n globale maatstaf) 'n bestendige toename in opbrengste getoon, selfs tot 18 en 24 maande na die aanvanklike rentekoersverhogings. Die vrese wat in populêre media uitgespreek word, is dalk nie geldig nie. **Ons moet altyd in gedagte hou dat finansiële markte vooruitskouende masjiene is!**

Wie betaal die belasting in Suid-Afrika?

Afgesien van relatiewe hoër inflasiesyfers, kan belasting 'n aansienlike koste vir ons welvaart wees. Dit is 'n bekende feit dat 'n fraksie individue (minder as 1 miljoen) in Suid-Afrika meer as 80% van die [persoonlike inkomstebelastingrekening van SAID dra](#). In teenstelling met byvoorbeeld Denemarke, kry gegoede Suid-Afrikaners nie veel vir hul belastinggeld nie. Daar is ook 'n geïmpliseerde sekuriteitsbelasting of uitgawe. Daarom is dit belangrik om maniere te ondersoek om enige **portefeulje se na-belaste opbrengste te verbeter**.

Grenskoerse en aftreefondse

Jou grens- of marginalekoers is die belasting wat jy op die laaste R100 wat jy verdien, betaal. Byvoorbeeld, wanneer jou belasbare vergoeding R782 200 per jaar oorskry, styg die belastinggrenskoers tot 41% (45% indien jy meer as R1.65 miljoen verdien). In die verlede was werknemers lede van maatskappye se pensioenfondse, maar ons vind dat individue toenemend op hulself aangewese is wanneer dit by spaar kom. Die versoeking is altyd om aan leefstyl te bestee en selde is daar 'n toegewyde spaarplan as prioriteit (hoeveel om te spaar is natuurlik 'n ander vraag).

Bydraes tot geregistreerde aftreefondse tel wel as 'n volle aftrekking teen jou belasbare inkomste (kyk o.a. na die ITA34 van SAID). Ongelukkig het mense aftreefondse vermy. Die redes is en bly voor die handliggend:

- Gebrek aan deursigtigheid en gereelde terugvoer;
- Weens die aard van hierdie produkte was bydraes dikwels onbuigsaam en daar was soms onnodige boetes gehef. Vandag is soortgelyke kontrakte in omloop maar lyk aantreklik in blinkgepoetsde bemarkings-brosjures;
- Swak prestasie is deels as gevolg van uiters hoë fooie.

Gelukkig is daardie dae verby. Ons kom wel situasies teë waar tradisionele poliskontrakte steeds teen hoë kommissie verkansels word. Onder meer gegoede kliënte en ingeligte beleggers, blyk dit dat hierdie kontrakte egter die uitsondering is.



Belasting, besparing en opbrengste

Verdere ondersoek wys vir ons dat die aftreefonds-onttrekkingstabelle (op, of ná ouderdom 55) gunstiger is in vergelyking met die normale inkomstebelastingtabel – jy betaal doodeenvoudig minder belasting. Die meerderheid individue behoort ook 'n laer gemiddelde belastingkoers te hê wanneer hulle uiteindelik ophou werk. Om gereeld en genoeg te spaar tot 'n geregistreerde aftreefonds kan enige plan wesenlik verbeter en diversifiseer.

Indien ons 'n **grenskoers van bo 35% sou aanvaar**, is dit onwaarskynlik dat 'n na-belaste belegging binne 'n tydperk van 15 jaar beter as 'n aftreefonds sal vaar, selfs al is die reële opbrengs (na die effek van inflasie) dubbel dié van 'n aftreefondsfonds. Die eenvoudige rede is dat 'n belegger met 'n tekort begin. 'n Eenvoudige berekening kan so lyk:

- 'n Bydrae tot 'n aftreefonds van R100 kan saamgestel teen 'n reële koers van 4% per jaar groei. Na 15 jaar kan jy R180 hê;
- 'n Na-belaste of diskresionêre belegging begin met 'n bedrag van R65 (minus die 35% belasting). Sou ons 'n saamgestelde koers van 6% per jaar aanvaar, eindig ons eers ná 15 jaar op R155 – 'n tekort van sowat R25 sonder om enige kapitaalwinstbelasting (KWB) op die kapitaalgroei in te reken.

Hou ook die volgende in gedagte:

- Aftreefondse groei sonder 'n belastingglas. Ja, geen dividendbelasting (DWT), kapitaalwinstbelasting (KWB) of enige belasting op inkomste (INC) binne die fonds;
- Hulle vorm nie deel van 'n boedel nie (d.w.s. geen boedelbelasting nie) en die uitkerings aan erfgename is nie onderhewig aan eksekuteursfooie nie;
- Krediteure mag geen eis teen 'n aftreefonds (nuttig indien jy 'n hoërisiko-onderneming bedryf) instel nie.

Wat staan ons te doen?

Ons ondersteun 'n sistematiese benadering en beskou aftreefondsbydraes as deel van 'n goeie finansiële beplanningstrategie. Na ons mening benodig enige persoon 'n gesonde diskresionêre belegging (waaroor jy volle diskresie het) asook 'n aftreefonds **waar jy jaarlikse belastingvoordele, wat die SAID jou bied, kan oes**.

Sedert 2017 is daar bespiegeling oor pensioenfondse-wetgewing wat gewysig sal word. Van voorgeskrewe bates tot allerhande hoorsê stories in die hoofstroommedia. Hier is ons nou aan die begin van 2022 sonder groot negatiewe wysigings.